

BY DIE STERFBED VAN 'N GELOWIGE

Geagte Vriend,

As ek hoor van die afsterwe van 'n gelowige kind van die Here, dan staan die woorde van Psalm 73 my altyd so helder voor die gees.

Waarom?

Seker omdat hierdie Psalm op so 'n mooi manier vertel van die geweldige stryd wat daar in die lewe van elke gelowige is, en dan ook van die heerlike rus en vrede wat elke gelowige vind aan die end van sy lewe.

U kan gerus hierdie pragtige Psalm in die Bybel lees. Dit bied so 'n lewensgetroue beeld van die werklike lewe ... die lewe waarmee u ook elke dag te doen het.

Maar laat ek u iets daarvan vertel.

Die stryd van 'n tempelsanger.

Asaf, wat die skrywer van Psalm 73 is, is tempelsanger in die tempel van Jerusalem. Hy is dus elke dag in die beskermende atmosfeer van die tempel besig. En tog vertel Asaf van die groot stryd wat daar in sy lewe was.

Hy skryf in vers 3: "Want ek was afgunstig op die onsinniges toe ek die voorspoed van die goddelose mense sien." Dit het so vir Asaf gelyk asof die goddelose mense baie gelukkig is. Hulle dien God nie, en tog is hulle ryk en voorspoedig. Hy sê die goddelose mense se oë peul uit van die vet. Dit is 'n beeld wat die vettigheid van hulle lewe aantoon.

Maar daarteenoor word die beeld van die gelowige gestel. En nou is dit vir Asaf asof dit by die gelowige net die teenoorgestelde is! Hy skryf: "Die hele dag tog is ek geslaan, en my tugtiging was daar in elke môre."

Tevergeefs het hy die Here gedien!

Waarom?

Dit is die vraag en die kweiling van sy gees. Hy dink na maar kan eenvoudig net nie verstaan nie.

Die einde.

En dan kom die insig en die helderheid in die 17de vers. Hy kon hierdie dinge nie verstaan nie "totdat ek in die heiligdomme van God ingegaan en op hulle einde gelet het."

Die einde

Dit is die sterfbed waarvan Asaf hier praat.



Publikasie
Publication



Nr./No.: H05